NELSPRUIT GEMEENSKAP FORUM

Oktober 2009

DIREKTEURSVERSLAG

1. OPNAMES

1.1 Aantal nuwe versoeke geregistreer

1.1.1 Oktober 2009 - 168

2 GEMEENSKAPSWERK VERSLAG

2.1 "JUWELE"

Deur verskillende interaksies en intervensies was dit moontlik om die getal etes per dag te verminder. Die getal etes sluit nie etes by Damaskus Werkplaas, 1116 etes, en Oornag Tuiste, 589 etes, in nie.

Oktober statistieke is:

- Kledingstukke verskaf - 6 items
- Persoonlike higiëne - 51 intervensies
- Mediese bystand - 22 intervensies
- Etes voorsien by NCF - 865 etes
- Nagte veilig geslaap - 961 nagte

2.2 Weeklikse kospakkies uitgehandig

Statistiek vir Oktober:

- Pakkies voorsien/uitgehandig - 422

2.3 ABET & Geletterdheidsprojek

Konstruksie/argiteksplanne vir verbouing/aanbouing is ingehandig by stadsraad. Die FET kollege het ook kandidate uitgenooi vir eksamen en die vennootskap met hulle groei

2.4 Vrywilliges

Ons is baie dankbaar vir elke vrywillige wat help om die las ligter te maak en weet dat baie van die vrywilliges ken ons nie want hulle verrig funksies vanaf hulle eie huise en kombuise.

Die groot uitdaging met vrywilliges is om hulle konstruktief besig te hou op in areas waar dit veilig is vir hulle maar opbouend is vir die Koningryk.

2.5 MSR – wekskepping en indiensneming program.

Immanuel Trust het ’n verdere maandelikse donasie van R10,000 (vir die volgende 3 maande) beskikbaar gemaak om finansiële tekort aan te vul.

Hierdie program het 1595 werksdae gefasiliteer wat beteken 72 persone het gewerk vir ’n volle maand, dus voorsiening gemaak vir 290 persone se kos en ander onkostes.

Werk bly skaars in die huidige ekonomie en die direksie het die ontwikkeling van BILTONGBOKS – biltong verkoop agente in samewerking met die SPAR groep goedgekeur

2.6 FLOODGATES

Donasie van voedsel, toerusting ens aan die FLOEDSLUIS het toegeneem met 4 ton hierdie maand na 16ton. Dit is verblydend aangesien ons kontant vloei nog baie moeilik is.

Samesprekings met FOODBANK SA was baie suksesvol, hoewel ons die dag amper weg gespoel het met hulle besoek, en ons voorsien n skriftelike ooreenkoms eersdaags.

2.7 AKKOMMODASIE GERIEWE (Damaskus, Oornag en Maroela straat)

Oornag fasiliteite - Ontwikkeling van addisionele was en stort geriewe by oornag gaan deur FNB befonds word en ons is baie dankbaar daar voor.

Persone in NCF sorg veral vanuit die akkommodasie geriewe dra by met fisiese arbeid en hulp en waar moontlik ook finansieel. ’n Goeie voorbeeld is die persoon wat HEK DIENS verrig by kerk parkeer area.

Maroela straat – met die inwoners gaan dit goed hoewel daar altyd uitdagings is.

Damaskus werkplaas – hoewel daar geen huur betaalbaar is nie was dit baie noodsaaklik om die geriewe in goeie werkende kondisie te kry en funksioneel te bestuur tot voordeel van almal. Dus was daar kapitale uitgawes oor die afgelope drie maande ten bedrae van ongeveer R20,000 rand vir onder andere nuwe slotte, elektriese onderhoud, opgradering van sekuriteit, riool stelsel ontblok en leeg maak van riolering tenk.

Die daarstel van ’n groentetuin is nog deel van die nuwe werke en toekoms beplanning om sodoende aan NCF en ander instansies te voorsien wyl die werk terapeuties van aard is.

Al die akkommodasie geriewe is 100% vol en ons kan al ’n waglys stelsel bedryf aangesien dit een van die grootste behoeftes is.

2.8 Geestelike versorging

a. Daaglikse woordbediening vind plaas met 'n persoon wat die nodige vertaling behartig

b. "URBAN EDGE" Gemeenskap kerk vul definitief 'n leemte in die middestad en ons het gereeld verbygaande besoekers. Hierdie is 'n sending uitreik en gemiddelde aktiewe bywoning is 60 persone. Die wonderlike van die is dat ons ook 'n DANKOFFER opneem elke Sondag en met die jaar se inkomste kon ons 'n paar geringe veranderings intern befonds. Die groot uitdaging hier is vervoer na en van die diens en ons is baie dankbaar vir die leen/beskikbaarstelling van die Gemeente Bussie.

2.9 Rekenaar sentrum en opleiding

Hierdie werk maak 'n reuse verskil in die gemeenskap onder alle bevolkingsgroepe.

3 Kantoor en algemene bestuur

3.1 Personeel

Dit gaan goed met almal en ons is baie dankbaar vir goeie gesondheid. Ons is hartseer en in simpatie met Thabile Nkosi wat haar babatjie, 1 maand oud, aan die dood afgestaan het.

Al die personeel het reeds hulle jaarlikse verlof geneem; TJ & Brenda gaan vanaf 26 Desember tot 10 Januarie met verlof.

3.2 Finansies

Die finansiële druk is nog baie hoog MAAR ons lewe in dankbaarheid teenoor die Here vir Sy wonderbaarlike voorsiening. ABSA het fondse onder ons administratiewe sorg geplaas vir 'n spesifieke projek wat hulle administreer en dit getuig van vertroue in ons waarde stelsel en finansiële sisteem.

Oktober 2009

Openings saldo	R 43 050,05
+ Krediet	R 270 366,45 (ABSA Fonds administrasie)
Subtotaal	R 313 416,50
- Debiet	R 295 327,11 (ABSA Fonds na belegging)
Sluit balans	R 18 089,39

4. ALGEMEEN & OM-TE -DOEN

4.1 DAMASKUS – bekendstelling van die werkplaas gaan in 2010 plaasvind.

4.2 Ander

Die netwerk van onderlinge samewerking in Mbombela en Enhlanzeni groei en die insette van alle partye maak die moontlik om 'n MAATSKAPLIKE SORG netwerk te bou en onderhou.

DREAM CAMPAIGN – met die swak ekonomie het die grootste befondser nie hulle weg kon baan tot bydrae nie MAAR daar is wel besluit om binne die gemeenskap "FILL-A-BAG" te dryf.

ONS VERJAAR – 6 Desember is NCF 5 jaar oud en dit gaan op 'n gepaste wyse met 'n dankseggings diens gevier word. Saam met die gaan daar ook 'n ope dag wees vir belangstellendes om te kom sien wat gebeur en die bewustheid in die gemeenskap te groei.

4.3 NCF Direksie

'n Debiet stelsel is goed gekeur om sodoende die finansiële tekort aan te vul asook donasie moontlikhede te vergemaklik. Die stelsel sal volledig in bedryf wees Desember 2009.

Dankbaarheid teenoor NG Nelspruit is ook uitgespreek tydens vorige direksie vir die gebruik van die MAZDA bussie.

SKUD-N-BLIK 2009 – Saterdag 5 Desember is dit operasie SKUD-N-BLIK by meenste van die verkeersinterseksies in en om Nelspruit. Die aksie het twee doelwitte eerstens **fondsinsameling** en tweedens verdere **bewusmaking** in die gemeenskap.

4.4 Gebedsversoeke

4.4.1 – Dankbaarheid
4.4.2 – DREAM CAMPAIGN & VERJAARSDAG VIERING
4.4.3 – ALMAL in ons sorg
4.4.4 – Vakansie planne
4.4.5 - Permanente voertuig vir geleentheidsvervoer – kerk, werk, ens.
4.4.6 - Finansies

4.5 DONATEURS (finansieel & materieel)

Geloofsgemeenskappe materiële hulp -NG Nelspruit, NG Nelspruit Suid, NG Westergloed, NG Alkmaar, Katolieke Kerk, New Covenant, Evangelies Gereformeerde Kerk, MANNA, Mbombela Reformed Baptist Church, Nelspruit Baptiste Kerk, Oasis Herlewing Sentrum, Assemblies of God, Christian Motorcicle Association,

Geloofsgemeenskappe finansieel - NG Nelspruit, NG Nelspruit Suid, NG Alkmaar, NG Malelane, AGS Mbombela, AGS Witrivier, AGS Komatipoort, Metodistekerk Nelspruit, , Hervormde Kerk Nelspruit, Anglikaanse Kerk,

Katolieke Kerk, New Covenant, MANNA, NG Westergloed, Volle Evangelie Kerk,

Besighede materieel– SPAR (Steiltes, The Village, West End, Sonpark, Tarentaal, The Grove, Bella Donna, Crossings, Valencia), Woolworths, Bee-Eaters, Debonairs Pizza, Easy Life Kitchens, J&M Sekuriteit, GLASFIT, Halls Gateway Motors, Nelspruit Brake & Clutch, Nelspruit Battery Centre, Vision 2000, City Bug, VOLTEX, Elmadre Slaghuis, Nelspruit Abattoir, LVCC, AVS, Sound Systems, Laeveld Bouhandelaars, CVA, Orbic Argitekte, Arkansas Spur, Betilda Argitekte, Ocean Basket, Clover, Vector Logistics, Chris Craft Paneelkloppers, SAPPI Ngodwana, Rennies Bank, DALO Elektries, TROPI COOL, Mr Paper, Ukuthala, Sunbake, Minuteman Press, Satellite Corporation, Cash Crusaders, Westvaal Motor Korporasie, Nelspruit Ford, Nelspruit Markagente, Combined Warehouse, Detroit Spur Sanbonani Dry Cleaners, Bronpro, BVK Chartered Accountants, Kalidas and Associates, CAR Labour Hire, Democratic Alliance, Emnotweni Casino, Stabilis Chartered Accountants, The Maize Foundation, MMC, Nelspruit Cash & Carry, Rotary Nelspruit, Lions Nelspruit, Leadri's Cake and Catering, Radio Laeveld, Lowveld Media Butterfield, Jacaranda 94.2 & RMFM, MPower FM, Pick & Pay, Wendy Lane, Emmanuel Boere, Pam Golding, KPMG, Chas Everitt, Omega Data, JCI Services, Jack's Paints, Irving Plumbers, Blinkwater Meule, Best Cut Laeveld, Nelspruit Auto, Saaiman Carriers, Model Electries, AAA Airconditioners, ITJ Inporters, CoolPoint, Dip Boerdery, Shoprite Checkers, H20 International Mpumalanga, Cubb Security, LCBT,Mondipak, HUX Technologies, Nashua Lowveld, Breedt Konstruksie, RSG, SABC, South African Duty Free, Beds for Africa, LA Visagie & Seun, MICA, Mecure Hotel, Protea Hotel, Ocean Basket, Nelspruit Tyre & Exhaust, Vector Logistics, Q&H Maintenance,

Besighede Finansieel – PANDA Beleggings, Turboformance, Pohl's Paneelkloppers, A Swanepoel Prokureurs, CK Embroiries, Hi-Tech Sekuriteit, Dr PJJ Scheepers, Price Waterhouse Coopers, Eerste National Bank, Nedbank, Songiswe Development (BUSCOR), Immanuel Trust, Nelspruit Trust, Basie Botha Eiendomme, Vodacom, ABSA, Stabilis Chartered Accountants, Old Mutual, Nelspruit Rental Management, Basie Botha Eiendomme, Audi Nelspruit, WH & Sons, Vodashop, Koster Juweliers, Hall & Sons, Madodza Transport, Soth African Duty Free, Engine Rebuild Centre, Q2Travel, Coridor Truck & Trailor, Tracker, U-Care,

Mediese – Mopani Apteek, Forum Apteek, Van Den Berg Apteek, Village Apteek, Dr Attie van Wyk, Optirama, Eybers Oogkundiges, Dr Herman van Duker, Dr Tony Ferri, Rivermall Pharmacy, Nelspruit Dag Hospitaal

Opleidings Instansies – Bergland Laerskool, Nelspruit Hoërskool, Bergvlam Hoërskool, Penryn College, Tswane University of Technology, UNISA, Kingdom Kids, FET College,

Gemeenskapsorganisasie vennote – Child Welfare, SANCA, CANSA, SAVF, SAIF, The Welfare Forum, Eden Leadership Foundation, Pretoria

Community Ministries, Tshwane Leadership Foundation, Leadership Foundation Africa, American Leadership Foundation, MES, Torings van HOOP-Blemfontein, Pittsburg Leadership Foundation, Youth for Christ, GRIP, MASC, Barberton Christian Forum, CMR, Witrivier Barmhartigheid Aksie, IDIOS, ASM, Barberton Bible School, Men on the Side of the Road, ARC, Childline Mpumalanga, Lifeline, NICRO, Bible Society of South Africa, Institude for Urban Ministry, Foodbank SA,